**Verheerlik U Seun, sodat die Seun U kan verheerlik (OP245)**

**Joh 17:1-5**

**11 Januarie 2026**

Laasweek het ons gekyk na die laaste gedeelte van die bovertrek gesprek van die Here Jesus met Sy dissipels. Hy het gewaarsku dat daar vir hulle 'n kort tydjie van hartseer sal wees – dit het verwys na die tydjie tot eerskomende Sondag, dus Opstandingsondag. Daarna sal hulle hartseer egter verander in blydskap – blydskap want hulle sal dan weer die Here Jesus sien, nadat Hy uit die dood opgestaan het. Ons het daaroor besin dat die blydskap vir die gelowige dikwels ook volg na 'n periode van verwarring en hartseer, wanneer ons die opgestane Here Jesus opnuut sien deur die getuienis van die Heilige Gees. Maar hierdie blydskap is nie eensklaps volmaak nie, en moet met verloop van tyd groei. Gelowiges mag egter direk tot die Vader in die Naam van die Here Jesus bid sodat hulle kan groei in hulle blydskap – en die Vader het beloof dat Hy dit vir hulle sal gee – immers is Hy lief vir die gelowiges. Dit is egter ook waar dat gelowiges se blydskap nie in hierdie lewe volmaaktheid sal bereik nie – soos wat die dissipels daardie aand in die bovertrek ook beleef het. Maar, gelowiges het die versekering dat hulle blydskap wel eventueel volmaak sal wees, want die Here Jesus het reeds die wêreld oorwin, en niemand sal dit van hulle kan wegneem nie.

Vandag beweeg ons aan na Joh 17 – hierdie hoofstuk is 'n besondere hoofstuk in die Bybel. Alhoewel ons dikwels lees dat die Here Jesus gebid het, en alhoewel daar ander gebede van die Here Jesus is waar die evangelieskrywers vir ons insae gee in die inhoud van die gebede, is Joh 17 die langste gebed van die Here Jesus wat vir ons opgeteken is.

Oor die afgelope maande het ons in detail na die bovertrekgesprek gekyk – en hierdie gesprek was 'n besondere gesprek – nie net omdat dit die gesprek is wat plaasgevind het op die aand voor die Here Jesus se kruisiging nie, maar juis weens die inhoud van die gesprek in die lig van Sy naderende vertrek. Hierdie gesprek was 'n verhewe gesprek – want verhewe onderwerpe is aangeraak: Ons het geleer van die onderlinge verhoudings tussen die drie Persone in die Drie-eenheid. Ons het geleer van die perfekte harmonie tussen die Drie Persone, wat Aldrie saam streef na dieselfde einddoel. Maar ons het ook geleer dat die gelowiges hierby betrek word – die realisering van die Drie-enige God se plan het groot implikasies vir die gelowiges: Dit hou swaarkry en hartseer in, dit hou groot verantwoordelikhede vir die dissipels daardie aand in die bovertrek in, en so ook vir die gelowiges. Maar dit hou ook vir hulle blydskap in, en soos ons laasweek gesien het, gaan dit eindig in volkome blydskap. En die gebeure wat oor die loop van die volgende paar dae gaan afspeel, is kardinaal belangrik vir die realisering van God se plan.

Maar nou is die gesprek verby. Lees Joh 17:1. Na alles wat die Here Jesus vir sy dissipels geleer het daardie aand, verskuif Sy fokus – dit skuif van die gesprek met die dissipels, na 'n gesprek met Sy hemelse Vader. Nou bid die Here Jesus. As die inhoud van die bovertrek gesprek "verhewe" was, kan ons verwag dat die inhoud van Sy gebed selfs nog meer verhewe sal wees. Die Here Jesus het sopas Sy hart uitgestort voor Sy dissipels oor wat voorlê, wat hulle kan verwag, hoe hulle nie bang moet wees nie. En nou bid Hy tot Sy Hemelse Vader. Hier leer ons wat daardie aand in die Here Jesus se gedagtes was. Wat Hy hier bid is groot, verhewe en baie belangrik.

Daar word dikwels na Joh 17 verwys as die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed, en heeltemal tereg so – want in hierdie gebed gaan ons leer hoedat die Here Jesus bid vir Sy dissipels, asook vir alle gelowiges. Sekerlik gaan ons hier baie leer oor die voortgaande hoëpriesterlike werk van die Here Jesus. Natuurlik is dit groot bemoediging vir die dissipels en die gelowiges wanneer ons in gedagte hou dat ons seker kan wees dat die Vader hierdie gebed van die Here Jesus verhoor het, en steeds

verhoor. Maar ons leer selfs nog meer uit hierdie gebed: Hierdie gebed is kosbaar om die evangelie behoorlik te verstaan.

Dikwels word die evangelie nie behoorlik verstaan nie – en die rede hiervoor is omdat mense die evangelie probeer inpas by hulle idees oor hoe God moet verlos. Die gevolg is dat mense geneig is om die evangelie-boodskap te beperk tot iets wat grootliks mensgesentreerd is – immers, redeneer mense, is dit mense wat gered word en wat voordeel trek uit die evangelieboodskap. Maar, wanneer ons na die gebed van die Here Jesus luister, dan word dit baie duidelik die hele evangelieboodskap, insluitend die verlossing van sondaarmense, is in die eerste plek Godgesentreerd. Natuurlik trek mense wat verlos word ontsaglike voordeel hieruit – maar dit gaan oor baie meer: Dit gaan in die eerste plek oor die Een wat die verlossing beplan en bewerk. Dit gaan oor die Here God. Dit gaan daaroor dat Hy die erkenning moet kry vir dit wat Hy besig is om te doen.

Die gebed van die Here Jesus bestaan uit drie onderskeibare dele: (1) Die Here Jesus bid vir Homself (verse 1-5), (2) Die Here Jesus bid vir Sy dissipels wat daardie aand in die bovertrek was (verse 6-19), en (3) Die Here Jesus bid vir die wat deur die dissipels se werk tot geloof sal kom (vers 20-26).

Ek beplan om oor die volgende paar weke by hierdie gebed stil te staan. Vandag wil ek net fokus op die eerste deel, waar die Jesus vir Homself bid (verse 1-5).

<u>Die gebed van die Here Jesus vir Homself (Joh 17:1-5)</u>

Lees Joh 17:1-5. Kom ons probeer verstaan wat die Here Jesus se gedagtegang is in hierdie verse.

Uit vers 1 is dit duidelik dat die Here Jesus tot Sy Vader bid. Hy bid: "Die uur het aangebreek". Ons het al verskeie kere in ons bestudering van die Johannes evangelie hierdie verwysing na "die uur" teëgekom. In Joh 2:4 tydens die bruilof te Kana het die Here Jesus vir Maria gesê: "My uur het nog nie aangebreek nie." In Joh 7:6 het Hy teenoor Sy broers opgemerk: "My bestemde tyd is nog nie hier nie." In Joh 7:30 wou die mense Hom arresteer, maar hulle kon nie, want Sy uur het nog nie aangebreek nie. Joh 8:20 sê iets soortgelyks. Maar vanaf Joh 12:23 verander die situasie. Daar het ons gelees kort na die Here Jesus se intog in Jerusalem, het 'n aantal Grieke wat ook in Jerusalem was vir die viering van die pasga, na die Here Jesus gesoek. Dit het dus vroeër in hierdie selfde week plaasgevind waartydens die bovertrek gesprek ook plaasgevind het. Die Here Jesus het toe gesê: "Die uur het gekom dat die Seun van die Mens verheerlik moet word." Nou is dit Donderdagaand, dit is reeds na die bovertrekgesprek met Sy dissipels. More word Hy gekruisig, en gaan Hy sterf. En as die Here Jesus op hierdie aand tot Sy Vader bid, is Sy openingstelling: "Vader, die uur het aangebreek". Wat op die volgende dag gaan gebeur, is lankal reeds in God se raadsplan opgeteken. Vir lankal weet die Here Jesus dat hierdie uur gaan kom. Dit is juis vir hierdie uur dat Hy gekom het. Daarom is dit voorop in Sy gemoed wanneer Hy op hierdie aand tot Sy Vader bid: "Vader, die uur het aangebreek."

In hierdie gedeelte van die gebed waar die Here Jesus vir Homself bid, het Hy net een versoek aan die Vader: "Verheerlik U Seun". Dit is wat die Here Jesus in vers 1 bid: "Verheerlik U Seun", en dit is ook wat Hy in vers 5 bid: "En nou, Vader, verheerlik My by U." Om te "verheerlik" beteken om te "prys" of om "te eer".

Om te verstaan wat die Here Jesus in gedagte het as Hy bid dat die Vader Hom moet verheerlik, is dit nodig dat ons eers moet besin oor die "heerlikheid van God" – Wat is die heerlikheid van God? Die heerlikheid van God is die somtotaal van alles wat God maak wie Hy is. Dink aan God se attribute: Sy almag, soewereiniteit, wysheid, genade, liefde, ontferming, heiligheid, regverdigheid, alwetendheid, alomteenwoordigheid. Dink aan God se dade: Hy skep, Hy onderhou, Hy gee lewe, Hy versorg, Hy

verlos, Hy oordeel. Al God se attribute tesame met al Sy werke wat voortvloei uit Sy attribute – as ons dit alles bymekaar voeg, en as ons dit alles begin verstaan (wat ons maar net in beperkte mate kan vermag), as ons begin raaksien hoe dit alles inmekaar pas – dan begin ons om iets raak te sien van die heerlikheid van God. En natuurlik, moet dit ons bring by lofprysing en verering – en dus by verheerliking van die Drie-enige God.

Kom ons keer nou terug na die Here Jesus se gebed. Let op: Hy bid twee keer dat Hy verheerlik moet word deur die Vader: In vers 1 bid Hy dat Hy deur die Vader verheerlik moet word met die doel dat Hy dan op Sy beurt die Vader kan verheerlik. In vers 5 bid Hy ook dat Hy deur die Vader verheerlik moet word – maar die keer bid Hy dit met 'n ander doel: sodat Hy weer die heerlikheid kan hê wat Hy by die Vader gehad het voordat die wêreld bestaan het. Wat ons moet raaksien is dat die Here Jesus reeds voor Sy menswording deel gehad het in die heerlikheid van God, immers was Hy nog altyd en is Hy steeds een van die drie Persone in die Godheid. Maar toe word Hy mens, en Hy moes van hierdie heerlikheid prys gee. Maar nou dat die uur gekom het, vra Hy Sy Vader om Hom weer in daardie heerlikheid terug te ontvang. Lees Fil 2:6-11. Verse 6-8 beskryf duidelik hoe die Here Jesus Sy bestaan op God-gelyke wyse prys gegee het toe Hy mens geword het en dus verneder is. Maar verse 9-11 beskryf ook Sy verhoging deurdat God Hom tot die hoogste eer sal verhef en Hom die hoogste Naam sal gee. Waar is die wentelpunt waar Sy vernedering oorgaan in verhoging? Volgens vers 8 met Sy dood aan die kruis – dit is wat more, die dag na die bovertrekgesprek, gaan gebeur. Daarom bid die Here Jesus hier vir Sy eie verheerliking wat die volgende dag sou begin, en dit sal opbou na die eindpunt dat Hy weer die heerlikheid sal hê wat Hy vroeër gehad, voor Sy menswording, selfs voor die skepping. En let ook op die doel van dit alles aan die einde van Ef 2:11 is die eer van God die Vader – dit is hoe die 2020 DAV dit vertaal. Die 1953 OAV vertaal dit met "tot heerlikheid van God die Vader". Sien jy dit? Die vernedering en die verheerliking van die Seun lei tot die verheerliking van die Vader. En let op: As die Here Jesus bid dat die Vader Hom moet verheerlik, dan het Hy twee doelwitte in gedagte: Dat die Vader deur Sy verheerliking verheerlik sal word (v1), en dat Hyself deur die Vader verheerlik sal word om weer die heerlikheid te mag hê wat Hy alreeds voor die skepping gehad het. Die doel is die verbeerliking van die Seun en die Vader.

Lees Joh 17:2. Let op die vers begin met "net soos". In vers 1 het die Here Jesus gebid "Verheerlik U Seun, sodat die Seun U kan verheerlik". Hy bid vir Sy verheerliking met die doel dat die Vader verheerlik sal word. <u>Net soos</u>, voeg vers 2 nou by, wat die Vader aan die Seun gesag oor die hele mensdom gegee het, met die doel dat Hy aan elkeen wat die Vader vir Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. Kom ons besin hieroor: Het die Vader aan die Seun gesag gegee oor die hele mensdom? Wel, dink byvoorbeeld aan die gebeure wat Johannes reeds vir ons beskryf het: Die Here Jesus het 'n man wat 38 jaar lank bedlêend was, gesond maak. Hy het die seun van die amptenaar gesond gemaak. Hy het Lasarus uit die dood opgewek. En by verskeie geleenthede wat hulle Hom wou gevange neem, kon hulle nie – eenvoudig net omdat Sy uur het nog nie aangebreek nie. Die Here Jesus het gedemonstreer Hy het gesag oor alle mense. En later met Sy hemelvaart sou Hy ook verklaar dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is – natuurlik deur Sy hemelse Vader. Vers 2 voeg nou by dat die Here Jesus hierdie gesag oor die mensdom het, met die doel dat Hy nou aan elkeen wat die Vader aan Hom gee, die ewige lewe kan gee. Sien jy die punt? Die Vader het aan die Seun gesag oor alle mense gegee. Noudat die Here Jesus gesag het oor alle mense, beteken dit Hy kan aan sekere mense die ewige lewe gee – en die mense aan wie Hy die ewige lewe gee, is die mense wat die Vader aan Hom gee vir hierdie doel, hulle is natuurlik die uitverkorenes. Hoe gaan die Here Jesus aan die uitverkorenes die ewige lewe gee? Juis deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Dit is dus juis deur die gebeure op die pad van Sy verheerliking.

Kom ons voeg nou verse 1 en 2 bymekaar. Die Here Jesus bid dat die Vader Hom moet verheerlik, met die doel dat Hy op Sy beurt die Vader sal verheerlik. In vers 2 bid die Here Jesus dit is net soos wat Hy alle gesag van die Vader ontvang het, met die doel dat Hy aan die uitverkorenes die ewige lewe kan gee. Die punt is: Die pad van die Here Jesus se verheerliking is Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. As die Vader die Here Jesus se gebed verhoor om Hom te verheerlik, beteken dit dat die Vader Hom sal begelei op hierdie pad. Dit is egter ook die pad waarlangs die Here Jesus aan die uitverkorenes die ewige lewe kan gee. As die Vader die Here Jesus se gebed verhoor, lei dit dus tot die ewige lewe vir die uitverkorenes, en sodoende lei dit ook tot verheerliking van die Vader – wat juis ook is waarvoor die Here Jesus in vers 1 gebid het.

Let ook op die volgende: Laasweek het ons in Joh 16:33 gelees dat die Here Jesus gesê het dat Hy reeds die wêreld oorwin het. Hy was so seker dat Sy Vader se plan sou realiseer dat Hy reeds op hierdie aand, nog voor Sy kruisiging, kon verklaar Hy het die wêreld oorwin. En tog, al was Hy so seker dit sal realiseer, tog bid Hy dat dit sal realiseer. Geliefdes, dit het verreikende implikasies vir ons eie gebede: Ons moet ook bid vir die realisering van God se plan – selfs al is ons oortuig Sy plan sal realiseer. Die doel van ons gebede is nie om God se plan te verander na ons goeddunke nie, die doel is om God te vra dat Hy Sy plan sal laat realiseer, en dat ons mag verstaan wat ons rol is in die realisering van Sy plan.

Lees Joh 17:3. Hier leer die Here Jesus wat die ewige lewe is wat Hy aan die uitverkorenes sal gee: Die ewige lewe is om die enigste ware God te ken, en ook om die Een wat Hy gestuur het, dit is die Here Jesus Christus, te ken. Hierdie stelling van die Here Jesus is 'n aangrypende en belangrike stelling – en tog ook ietwat onverwags. Ek sê dit is onverwags, want ek dink dit is nie tipies hoe ons oor die ewige lewe dink nie. Ek wil waag en sê ons verwagting van die ewige lewe is: 'n lewe van vrede en rus, 'n lewe sonder stryd teen sonde, 'n lewe sonder hartseer en dood, 'n lewe sonder trane, 'n ewige saligheid op 'n perfekte aarde onder 'n perfekte hemel. Ek is oortuig al hierdie dinge is waar – gaan lees maar net wat Openbaring 21 en 22 ons leer oor die Nuwe Jerusalem. Maar die Here Jesus beskryf die ewige lewe op 'n ander manier. Die Here Jesus kom en lig ons denke oor die ewige lewe nog baie hoër: Die ewige lewe is dat die uitverkorenes die enigste ware God sal ken en ook die Here Jesus Christus, wat Hy gestuur het. Ons moet deeglik hieroor besin om goed te begryp wat die implikasies hiervan is.

Ons behoort nie verbaas te wees oor hierdie stelling van die Here Jesus nie. Immers is dit juis wat van die Nuwe Verbond geleer word. In Heb 8:11 lees ons: "Niemand sal meer sy medeburger of sy broer onderrig en sê 'Ken die Here!' nie, omdat almal My sal ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle." Hoor jy dit? In die nuwe verbond sal almal God ken. En nou bid die Here Jesus dat dit juis die ewige lewe is – om God te ken, en om die Here Jesus te ken.

Onthou nou wat ons vroeër gesê het: Die heerlikheid van God is die somtotaal van al God se attribute en ook alles wat Hy doen. Dus, as ons God ken, dan sal ons Sy attribute en Sy dade ken – en dan beteken dit dus dat ons God se heerlikheid sal ken. Ons moet dus verstaan as die Here Jesus bid dat die essensie van die ewige lewe is dat ons die Here God en Homself sal ken, dan bid Hy in effek dat ons die heerlikheid van God sal sien en dit sal ken – en dit pas natuurlik direk by Sy bede in vers 1 dat beide Hy en die Vader verheerlik moet word. As die Here Jesus se gebed verhoor word, en die Vader verheerlik die Seun sodat die Seun die Vader sal verheerlik – dan sal hierdie wedersydse verheerliking van die Vader en die Seun, wat juis aanleiding gee daartoe dat die Here Jesus aan die uitverkorenes die ewige lewe sal gee (v2), ook die essensie wees van hierdie ewige lewe. Die verheerliking van die Seun (dus Sy sterwe, dood, opstanding en hemelvaart) sal vir die uitverkorenes die ewige lewe gee, en in die proses sal hulle Hom en God leer ken, hulle sal Sy attribute en dade

leer ken, hulle sal dus Sy heerlikheid sien – en om hierdie heerlikheid te kan beleef en sien, dus om God te ken, juis dit is die essensie van die ewige lewe.

Wat die Here Jesus hier sê is die resultaat van ‘n lang opbou deur die loop van die openbaringsgeskiedenis. Let op die volgende:

- Voor die sondeval in die paradys was daar ‘n intieme verhouding tussen die Here God en die mens – God het hulle kom besoek in die paradys, en so kon die mens God leer ken – uit hierdie besoeke, en ook uit God se werke. Maar na die sondeval, is die mens uit die tuin gedryf, en hierdie besoeke van God het opgehou. Daar was nou afstand tussen God en die mens.
- Na die Here God die volk uit Egipte bevry het, lei Hy hulle na Sinai. Daar kom besoek die Here God hulle, deur neer te daal na die berg Sinai. Maar let op hoe beskryf Eks 24:17 hierdie besoek: "Die heerlikheid van die Here het vir die Israeliete gelyk soos ‘n verterende vuur op die kruin van die berg". Let op: Die Here God besoek die volk, en dan wys Hy aan hulle iets van Sy heerlikheid, deurdat hulle iets sien van wie die Here God is en wat Hy doen. Op hierdie stadium is dit soos ‘n verterende vuur.
- In Eks 33:18 vra Moses die Here om aan hom Sy heerlikheid te toon. En dan antwoord die Here: “Ek sal al My goedheid reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam ‘die Here’ uitroep”. Die 2020 DAV het ‘n onderskrif wat sê die “goedheid” wat die Here sal wys is Sy genade, liefde, trou, goeie gesindheid. Sien jy dit? Moses wil die Here se heerlikheid sien, en die Here laat Sy goedheid voor Hom verbygaan, en roep Sy Verbondsnaam, Here, uit. Let op: Moses kon net die heerlikheid van God tot ‘n baie beperkte mate sien. Maar let ook op: Die Here wou soveel van Sy heerlikheid aan Moses wys as wat Moses kon hanteer.
- By die berg Sinai het die Here ook die opdrag gegee dat die volk die tabernakel moes bou. Ons het ook al daaroor besin dat die tabernakel juis ‘n uitbeelding is van die verlossingswerk wat die Here deur Sy Seun sou doen – dit is dus ‘n afbeelding van die Here se heerlikheid. Weereens stel die Here Sy heerlikheid ten toon. En, wanneer die tempel ingewy word, vul die Here God se heerlikheid die tabernakel. Let op: die Here God wil Sy heerlikheid aan die volk wys.
- In Joh 1:14 skryf Johannes: “En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon (letterlik: kom tabernakel), en ons het Sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid”. Let op: die menswording van die Here Jesus is ‘n openbaarmaking van die heerlikheid van God. Die Here God kom wys Sy heerlikheid aan die mensdom – en dit is vol genade en waarheid.
- Met die geboorte van die Here Jesus verskyn daar ‘n menigte engele aan die skaapwagters wat God loof: “Eer aan God in die hoogste, en vrede op aarde vir die mense in wie God ‘n welbehae het!” (Luk 2:13-14) Let op: die Here God kom maak Sy heerlikheid aan die mensdom, en veral die uitverkorenes in wie Hy ‘n welbehae het, bekend.
- In Joh 2 lees ons van die Here Jesus se eerste teken wat Hy gedoen het toe Hy water in wyn verander het, en dan staan daar in vers 11: “Hy het Sy heerlikheid geopenbaar en Sy dissipels het in Hom geglo”. Let op: Die Here Jesus het Sy heerlikheid ten toon kom stel en Sy dissipels het dit gesien.
- In Joh 11 lees ons van Lasarus wat siek was en gesterf het, en toe deur die Here Jesus opgewek is. In Joh 11:4 lees ons: “En toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: ‘Hierdie siekte lei nie tot die dood nie, maar tot die verheerliking van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.’” Let op: die Here Jesus tree op met die doel om die Vader en ook Homself te verheerlik – dit word uit Sy dade sigbaar.

- In Matteus 17 lees ons van die Here Jesus se verheerliking op die berg. Petrus skryf in 2 Pet 1:16-17 daaroor en sê dat die Here Jesus van die Vader eer en heerlikheid ontvang het toe die Vader oor Hom gesê het: “Hy is My Seun, My geliefde Seun, in wie Ek My verbly”. Let op: die Here God het die dissipels iets laat sien van die heerlikheid van die Here Jesus.

Ek hoop dit is duidelik: die Here God wil dat ons as mensdom Sy heerlikheid sal sien – ons moet sien wie Hy is, en ons sien dit deur wat Hy doen. So wil Hy dat ons Hom leer ken. Deur die loop van die openbaringsgeskiedenis was dit deurlopend die doel. Maar nou is dit Donderdagaand – en dit is die vooraand van die openbaarmaking van die heerlikheid van God deur Sy Seun soos nog nooit tevore nie. More begin die verheerliking van die Seun van God – deur Sy kruisiging, Sy sterwe, Sy opstanding en Sy hemelvaart, tot Hy weer die heerlikheid sal hê wat Hy alreeds voor die skepping gehad het. Daardeur gaan Hy ewige lewe bewerk vir die wat die Vader aan Hom gee. En die essensie van die ewige lewe is dat die uitverkorenes die Here God en ook die Seun gaan leer ken. Hulle gaan Hom nie net met die verstand leer ken nie. Hulle harte gaan verander word. Hulle gaan dit proefondervindelik beleef. Hulle gaan self gered word deur die Seun se verheerliking. Hulle gaan Hom en die Vader ken deur die verlossing wat hulle persoonlik beleef – en dit is hierdie “ken” van die Here God en die Seun, wat die essensie van die ewige lewe gaan wees. Johannes skryf later oor die wederkoms in 1 Joh 3:2: “Wat ons weet, is dat wanneer Hy verskyn, ons soos Hy sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.” Ons sal die Here Jesus sien soos wat Hy is – ons sal Sy heerlikheid sien, soos wat Hy deur die loop van die eeue dit geleidelik geopenbaar het. Ons sal dit ken. Ons sal Hom en die Here God ken.

Kan ek jou herinner aan Hab 2:14: “Ja, die aarde sal gevul word met kennis van die heerlikheid van die Here soos water die see oordek”. Dit is die Here Jesus se punt – dit is die ewige lewe: Om die Here God te ken, en ook Hom wat Hy gestuur het, die Here Jesus Christus. En hierdie kennis sal die aarde vul.

Lees Joh 17:4. Die Here Jesus het juis gekom om die werk te doen wat die Vader Hom opgedra het. Deur dit te doen, het Hy die Vader verheerlik, want Hy het die Vader kom bekend maak deur wat Hy geleer en gedoen het. En die uitverkorenes kon dit sien, en God leer ken. Dit is vir my aangrypend om te let op die inhoud van die lofprysings in die boek Openbaring – dit besing juis die heerlikheid van God, en dikwels juis met die verlossingswerk van die Here Jesus, wat Hy op die pad van Sy verheerliking bewerk het, as inhoud:

- Op 15:3b-4 – “Groots en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige. Regverdig en betroubaar is u paaie, o Koning van die nasies. Wie sal dan nie vir U ontsag hê nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en in aanbidding voor U neerval, want U regverdige dade is geopenbaar.”
- Op 19:1 – “Halleluja! Die verlossing, die heerlikheid en die krag behoort aan ons God!”
- Op 19:6-7 – “Halleluja! Die Here, ons God, die Almagtige, het Sy koningskap opgeneem. Laat ons bly wees en jubel, en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilofsfees van die Lam het aangebreek, en Sy bruid het haar gereed gemaak.”

Die inhoud van hierdie lofprysings is die bewys van die verhoring van die Here Jesus se gebed in Joh 17 toe Hy gebid het dat die Vader Hom moet verheerlik, sodat dit daartoe kan lei dat die Vader verheerlik sal word. Dit was juis die verheerliking van die Seun oor die loop van die volgende paar dae, wat gelei het tot die ewige lewe vir die uitverkorenes, wat uit hulle ervaringskennis hierdie lofprysings sal bring tot verheerliking van die Seun en die Vader.

In Joh 17:5 het die Here Jesus gebid dat Hy weer die heerlikheid mag hê wat Hy gehad het voor die wêreld bestaan het. Ek het verwag Hy sou vra om weer die heerlikheid te hê wat Hy voor Sy menswording gehad het, maar Hy het gevra vir die heerlikheid wat Hy voor die skepping gehad het. Ek glo Hy het juis hiervoor gevra omdat die doel reg van die begin van die skepping reeds was dat die Here God Sy heerlikheid wou tentoonstel – ja, dit het 'n klimaks bereik met die Here Jesus se verhoging na Sy menswording, maar die ganse openbaringsgeskiedenis is 'n openbaarmaking van die heerlikheid van die enigste ware God.

<u>Toepassings</u>

- Het jy opgelet hoe die Here Jesus presies op hoogte was van wat die Vader se plan was en hoe Hy self sou bydra tot die uitwerk van hierdie plan. Dit was omdat Hy verstaan het wat die plan van die Vader was, dat Hy gevra het: "Verheerlik u Seun". Die feit dat die Here Jesus absoluut oortuig was van die soewereine uitwerk van God se plan, het Hom nie verhoed om tog in gebed te smeek vir die uitwerk van God se plan nie, trouens dit het Hom juis hiervoor laat bid. Die punt is: Gebed is nie 'n instrument om God se plan te verander nie, maar eerder 'n instrument om God se plan te verstaan en te pleit dat God se plan sal geskied.
- Let op die ooreenstemmende fokus van hierdie gebed van die Here Jesus met die Onse Vader: Die eerste bede in die Onse Vader is: "Laat U Naam geheilig word". Dit was ook presies die Here Jesus se fokus: "Verheerlik U Seun, sodat die Seun U kan verheerlik". Verder, toe Hy gebid het dat die Vader sekere mense aan Hom gegee het wat die ewige lewe sou ontvang, was dit tog in lyn met die tweede bede in die Onse Vader waar ons bid vir die koms van Sy koninkryk.
- Ek is oortuig dit is baie nodig dat ons moet besin oor presies wat ons verwagting is van die ewige lewe. Ja, sekerlik is dit 'n ewige sondelose bestaan in 'n vredevolle omgewing in God se teenwoordigheid. Maar verstaan ons die punt is eintlik dat ons God daar sal sien soos wat Hy werklik is? Dis daar wat die aarde volmaak gevul sal wees met die kennis van die heerlikheid van God. Kan jy jou indink wat dit moet beteken om insae in God se wysheid te hê? Kan jy jou indink hoe dit moet wees om werklik insae in God se almag te hê? Kan jy jou indink hoe heerlik dit sal wees om iets te begryp van hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek (Ef 3:18)? Kan jy jou indink wat dit beteken om te verstaan dat God magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink (Ef 3:20-21)? Het jy al besin oor wat die inhoud van jou lofprysings van die Here in die ewige lewe sal wees?

Met hierdie heerlike vooruitsig: Kom ons span ons in om self te groei en meer en meer gereed te wees om God te verheerlik. Na alles, Sy verheerliking is die doel!